

**Dinsdag 19 Januarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 3:1-8; HK Sondag 3, Vraag 8**

**Fokusgedeelte: Johannes 3:3**

### **Die weergeboorte**

Die weergeboorte (wedergeboorte) is noodsaaklik en onontbeerlik om 'n kind van God te kan wees. Christus Self toon die noodsaaklikheid daarvan as Hy aan Nikodemus sê: *“Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.”*

- Onder weergeboorte verstaan ons dat die Here deur sy Heilige Gees 'n verandering in die lewe van 'n mens laat plaasvind sodat, waar dit vroeër, vóór dié verandering, op die duiwel gerig was, na sy bevele geluister en sy wil gedoen het, dit ná die verandering op God gerig is, na Hom luister en sy wil doen (vgl. Tit. 3:5).

Die weergeboorte is dus 'n verandering van lewensrigting in die *hart* van die mens, en omdat die hart verander, verander die hele mens, want jou hart bepaal jou hele lewe (Spr. 4:23).

Wat die verskil tussen 'n weergeborene en 'n onweergeborene is, kan ons aan die hand van Romeine 7:19 soos volg verduidelik: Paulus sê *“die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek”*. As weergeborene wie se lewensrigting verander is, wil hy die goeie doen, en die slegte, die verkeerde wil hy nie doen nie – hoewel hy moet bely dat hy dikwels nie daarin slaag om aan dié wense uitvoering te gee nie. Met die onweergeborene is dit presies andersom gesteld: van nature wil hy nie die goeie nie, maar die slegte.

By die besinning oor die weergeboorte moet ons steeds in gedagte hou dat ons hier te doen het met iets wat die mens nie self kan verrig nie. Ons is immers deur die sonde so verdorwe dat ons uit onself heeltemal onbe-kwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad. God alleen kan die rigting en innerlike geneigdheid van die hart verander, want om 'n mens se hart om te buig om in God te glo, vereis net so 'n goddelike krag as wat nodig was by die skepping van die wêreld, of wat nodig sal wees by die opwekking van die dooies (DL 3/4, 12).

Hoe sal ons God ooit genoeg kan dank dat Hy die weergeboorte in ons laat plaasvind het! Ons moet egter onthou dat daar nou 'n besondere roeping op ons geplaas word: ons moet uit dankbaarheid alles in ons vermoë doen om die weergeboorte in ons lewe tot verdere ontplooiing te laat kom. Ons hele lewe moet vernuut word na die beeld van Christus (Rom. 8:29; Gal. 2:20).